

ISRAEL SPANDEER 40 JAAR IN DIE WOESTYN GOD SORG VIR ONS

Ontmoeting 18

Die kinders gaan in hierdie ontmoeting speel-speel saam met die volk deur die woestyn rondtrek. Tydens die ontmoeting moet hulle beseft dat God altyd vir ons sorg.

Teks: Eksodus 15:22-19:1

Hulpmiddels:

- Groot papier, toegevoeg soos 'n padkaart. Wanneer dit oopgevou word, staan net die woord "Woestyn" in die middel.
- 3 tafels/stasies:
- **Stasie 1:** Plaas 'n houer vol soutwater op 'n tafel en sit 'n kleiner glashouer binne-in die soutwater. Gooi gewone water in die kleiner houer. Sit klein glasies of "Coke"-doppies op die tafel, sodat kinders vir hulle water uit die groot houer kan skep om te drink. Sit 'n naambord by die houer neer met die naam "Mara" daarop. Jy gaan ook 'n klein stokkie nodig hê wat in die bak sal pas.
- **Stasie 2:** Op die tafel lê 'n koevert met 'n boodskap in (Eksodus 16: 6-8). Sit brood wat in stukkie gebreek is en "viennas" of biltong wat in stukkie gesny is, in bordjies op die tafel neer.
- **Stasie 3:** Op die tafel staan 'n leë bak. Daar is 3 koeverte met dialoog tussen Moses en die volk in, asook die Here se antwoord. (*Sien in Woord.*) Gee die een koevert vir die kind wat Moses is en een koevert vir iemand om die volk voor te stel. Versteek lekker drinkwater onder die tafel.
- Verskillende kleure koki's op elke tafel
- Klippie waarop vir elke kind 'n boodskap geskryf kan word
- "God sorg vir ons" - plakkaat
- Roetekaart vir die aktiwiteit
- Kontrasterende droë produkte: rys, elmoog macaroni, koekversierballetjies, pofrys, semels, kaneel en knoffelvlokkies vir 'n collage
- Verskuilde boodskap in 'n voet: aktiwiteitsvel vir elkeen
- Pen of potlood vir elke kind



WELKOM

Speel "Op reis":

Laat die kinders rondstap asof hulle agter Moses aan uit Egipte trek. Wanneer die leier skree: "Daar kom Farao!" moet die kinders neerval en so vinnig as moontlik op die vloer seil of kruip tot by 'n plek van veiligheid soos deur die leier aangedui. Skree nou weer: "Farao en sy mense het in die Rooi See verdrink!" Die kinders spring op en dans in die rondte en trek weer agter Moses aan. Herhaal die speletjie twee maal.

Na die derde keer roep die leier uit: "Slaan tente op!" en die kinders gaan staan twee-twee met hul hande teen mekaar om 'n spitsdakkie te vorm.



WYDING

Temalied: “Ons God is ‘n Wonder God” (“Our God is an awesome God”) (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Staan in ‘n kring, hou hande vas en sê die volgende:

“Omdat ek in God glo*, kan ek die mense wat my seermaak vergewe.

Omdat ek in God glo*, sien ek uit na die mooi lewe wat God vir my gereedmaak.”



WOORD

Ek wil hê julle moet julle verbeelding gebruik. Ons gaan nou saam met die Israëliete Kanaän toe trek. Vat julle bagasie op julle skouers en loop nou agter ons aan.

Ek wonder hoe gaan ons weet waarheen ons moet trek. *(Gee vir die kinders ‘n groot, toegevoede padkaart om te lees. Wanneer hulle die padkaart oopvou, is dit net ‘n skoon stuk papier waarop staan: “Woestyn”.)* Nee, hierdie padkaart gaan ons nie help nie. Wat van ‘n GPS? Nee, dit gaan ook nie werk nie, want die Israëliete het nog nie geweet nie wat ‘n GPS is nie. Die enigste manier hoe die Israëliete sal weet waarheen om te trek, is om op God te vertrou.

Die eerste aand kamp ons saam met die Israëliete net langs die woestyn. Hiervandaan sal die Here saam met ons reis. In die dag is daar heeltyd ‘n wolk voor ons in die lug. Die Here is in daardie wolk. In die nag lyk dit of daar vuur in die wolk is. Dit maak lig, sodat ons in die donker kan sien. So kan ons in die dag of nag trek.

Ons weet ons is nou veilig uit Egipte uit. Die farao is reeds deur God oorwin. Ons het die wonderwerk voor ons oë sien gebeur toe God vir ons ‘n pad deur die Rooisee gemaak het. Dit kan nou net beter met ons gaan. (Stap 3 maal vinnig om die vertrek terwyl julle sing: “Ons wandel in die lig van God”.)

Ons trek nou al drie dae saam met Moses in die woestyn en het nog geen water gekry nie. Sjoe, maar nou is ons dors. Stop by stasie een.

Stasie 1:

Uiteindelik! Hier is ‘n plek wat water het. Ek wonder hoekom noem hulle hierdie plek Mara? Kom ons drink elkeen ‘n slukkie water. Ons weet nie wanneer ons weer water gaan kry nie. *(Skep vir die kinders van die buitenste kom se water om aan te proe.)* Maar die water is dan niks lekker nie?! Nou het ons rede om by Moses te kla. Ons sal doodgaan van die dors!

Moses bid en die Here wys vir hom ‘n stuk hout wat hy in die water moet gooi. *(Gooi ‘n klein houtstokkie in die middelste houer wat die gewone water in het.)* Kom ons proe nou weer van die water. Sjoe, proe nou hoe lekker is die water. Die Here het ons getoets om ons te leer: As ons gehoorsaam is aan die Hom en doen wat Hy vir ons sê, sal Hy vir ons sorg. Daarna kom ons by Elim aan waar lekker water en 70 palmbome vir koelte is. Ons gaan sommer hier kamp opslaan vir ‘n tyd. God sorg regtig vir ons.

Nou moet ons dieper die woestyn intrek. Slaan julle tente af en vat julle bagasie. Stap twee keer om die vertrek. *Terwyl hulle stap, sê die leier:* “Ons stap nou al 2 maande in die woestyn. Die Here moes ons maar eerder in Egipte laat doodgaan het. Daar het ons ten minste baie vleis en ander kos gehad om te eet. Nou het julle ons net in die woestyn ingebring waar ons van die honger sal doodgaan!” *(Stap nog een maal om en stop by stasie 2.)*

Stasie 2:

Moses neem die koevert wat op tafel 2 lê en lees die volgende: Eks 16:6-8: “Vanaand sal julle weet dat dit die Here is wat julle uit Egipte uitbring het. Vanaand sal Hy vir julle vleis gee. Môre oggend sal Hy vir julle genoeg brood gee.” Slaan julle tente op! Vanaand kamp ons hier uit.

Die verteller roep uit: “Kyk hierdie groot swerm voëls wat oor die kamp vlieg en hulle gaan sit op die grond. Dis so maklik om hulle te vang. Kom vang vir julle elkeen genoeg voëls om vanaand te eet!” Gee vir die kinders van die vleis om te eet. Sjoe, nou

is my maag vol! Ek dink ons moet almal gaan slaap. Dit was 'n lang dag. (Die kinders gaan lê op die grond en maak hulle oë toe.) Die verteller roep uit: "Word wakker, julle! Kom kyk wat het in die nag gebeur! Hier op die grond lê sulke fyn wit korreltjies. Dis natuurlik die brood wat die Here vir ons belowe het. Tel nou daarvan op – genoeg vir elke gesin om vandag te eet. God het weer vir ons gesorg soos Hy belowe het!

Slaan julle tente af en vat julle bagasie. Ons gaan weer verder trek. (Laat hulle stukkie brood eet.)

Ons gaan nou van plek tot plek trek, maar die Here sal vir ons elke keer sê waarheen om te gaan. (Stap rond en bont in die vertrek rond. Gaan staan stil by stasie 3.)

Stasie 3:

Volk: "Ons trek alweer dae lank sonder enige water. Moses, gee vir ons water om te drink!"

Moses: "Hoekom baklei julle met my? Julle gaan die Here kwaad maak."

Volk: "Hoekom het jy ons dan uit Egipte laat wegtrek, net sodat ons, ons kinders en ons diere van die dors kan doodgaan?"

Moses: "Here, wat moet ek nou doen? Netnou gooi hierdie mense my met klippe dood!"

Neem die koevert met die Here se antwoord en lees dit voor: "Vat jou kiere en vat 'n paar leiers saam met jou. Gaan dan na Horeb toe. Ek sal vir jou daar wag. Daar is 'n groot rots wat jy moet slaan, dan sal daar vir die mense water uitkom."

(Moses slaan met 'n stok op die tafel. Die leier vat die kan met water wat onder die tafel gestaan het en gooi dit in die skottel op die tafel.)

Die Here het weer vir ons gesorg!

Noudat ons genoeg gehad het om te drink, moet ons weer verder trek. Tel op julle bagasie! Stap weer drie maal om die vertrek. Sjoë, na drie maande kom ons uiteindelik by die berg Sinai aan. Hier kan ons weer ons tente opslaan. Ons gaan vir 'n rukkie hier kamp, want Moses moet nou eers op die berg gaan hoor wat God vir hom wil sê.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder wat God vir Moses wil sê.
2. Ek wonder hoe dit moet voel om nie te weet waarheen jy op pad is nie.
3. Ek wonder hoe lank die Israëliete nog in die woestyn sal moet rondtrek.
4. Ek wonder op watter maniere God vir jou sorg.



- ◆ Gebruik die roetekaart. Trek met 'n koki op die lyne totdat julle vir die Israëliete die regte pad vind tot by die oasis.
- ◆ Maak 'n kos collage. Gebruik die prent wat sê: "God sorg vir ons!" Gee vir die kinders verskillende kossoorte om die prent mee te versier, bv. lensies, rys, ens.
- ◆ Soek die verskuilde boodskap in die voet, deur die letters van die boodskap een vir een neer te skryf soos jy by hulle kom, tot by die einde.
- ◆ Elke kind kry een wit klippie. Hulle moet dan na die 3 verskillende stasies loop om die volgende woorde op hulle klippie te kry. "GOD SORG VIR MY". Plaas 'n groepleier of volwassene by elke stasie om te help om die woorde op die klippies te skryf.
Stasie 1: GOD (Skryf met blou koki.)
Stasie 2: SORG (Skryf met groen koki.)
Stasie 3: VIR MY (Skryf in rooi koki.)

Sluit af met die seënbede.

Begin by die woord "Werp" en volg die regte lyntjies. Skryf elke keer die woord, letter of syfer op die lyntjie wat hieronder gegee is, om die geheime boodskap te ontsyfer. Indien jy die verkeerde lyntjie volg, sal die boodskap nie inpas of sin maak nie, so wees baie versigtig!



Werp _____


bekommernisse _____

Hom, _____

Hy _____

Pet _____

GOD SORC VIR ONS



Kleur die tafel en houers (bakke en borde) op die prent in. Plak dan die volgende vas:

- * Rys op die bord met rys
- * Elmoog macaroni op die macaroni
- * Silwer koekversieringsballjies op die kolwyntjie
- * Ontbytkos ("Rice Krispies") op die bak ontbyt-graan
- * Semels ("Bran") op die sny brood
- * Kaneel of versiersuiker op die oliebol ("doughnut")
- * Knoffel/lokkies op die brood

